# Moderne Argitektuur *gaan ons Kerkplein skend*

Tot ons bittere teleurstelling het Pretoriane onlangs verneem dat die nuwe gebou van die Transvaalse Provinsiale Administrasie nie by die argitektuur en geskiedenis van die Kerkplein sal aanpas nie.

Afbeeldings van die voorgestelde gebou toon 'n moderne langwerpige kas van 173 voet hoog, wat die hele omgewing sal oorskadu. Kerkplein waarop Pretoriane, Transvalers en Suid-Afrikaners so trots is, sal deur die voorgestelde gebou vir eeue geskend word.

**Gereeld word 'n Afrikaanse boustyl vir ons openbare geboue bepleit, maar selde sien ons die sierlike Kaap-Hollandse argitektuur in ons staatsgeboue en huise verwerk.**

**Die verontagsaming van die mening en gevoelens van Pretoriane en Transvalers in die ontwerp van die Provinsiale Gebou het by ons verbasing verwerk. 'n Uitgawe van £3,000,000 publieke geld regverdig na ons mening 'n wedstryd vir die nuwe gebou.**

In 'n wedstryd sou voorwaardes gestel kan word dat die gebou argitektonies by die Kerkplein en omgewing moes aanpas, en sou belanghebbende liggame die geleentheid gegee het om hul mening uit te spreek.

Die Genootskap sou ook graag sien dat die P.A.T die Holford-plan steun en die nuwe gebou in Strubenstraat oprig. In ieder geval doen ons 'n dringende beroep op die Transvaalse Provinsiale Raad om nie met die voorgestelde gebou voort te gaan nie, maar die hele saak in heroorweging te neem.

W. PUNT,

*Voorsitter.*

Deel 4, No. 2. Desember/December, 1954 Volume 4, No. 2.

# Pretoriana

MERENSKY-BIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
9 DEC 1954
Klasnommer 05(68)
Registernommer P4/2




Genootskap Oud-Pretoria Association Old Pretoria

Kopiereg voorbehou. Copyright reserved.

INHOUD — CONTENTS

Editorial/Redaksioneel: Ons neem Standpunt in.

Dr. H. J. Venter: Die Pretoriase Tronk in die Dae van die Z.A.R.

R. Peacock: Die Stigting van Pretoria.

A. Brodrick: Two Poems from: „A Wanderer's Rhymes," 1893.

Dr. J. Ploeger en Dr. W. Punt: Brokstukke uit die Herinneringe van Kaptein Alexander George Boshoff.

Dr. J. Ploeger: Uit die nagelate Papiere van Mnr. J. B. Wijers.

Dr. T. S. van Rooyen: Die Kronieke van Wallmannsthal, V.

# In Pretoria

*. . . since 1877*

# In South Africa

*. . . since 1862*

Since that day more than three-quarters of a century ago when it first began business in Pretoria, the Standard Bank has maintained its place among the pioneers of this province.
Since its establishment in South Africa in 1862 the Bank has been closely associated with the agricultural, business and industrial growth of our land.

## THE STANDARD BANK OF SOUTH AFRICA LIMITED

*(Registered as a Commercial Bank)*

"OUR 92nd YEAR"

# ONS NEEM STANDPUNT IN

Die Genootskap Oud-Pretoria voel verontrus oor die voorgenome oprigting van 'n nuwe Provinsiale gebou aan die westekant van Kerkplein. Op die jongste jaarvergadering van ons Genootskap is daar dan ook ten sterkste teen beswaar gemaak dat die Provinsiale owerheid 'n gebou wil oprig wat die estetiese en historiese betekenis van Kerkplein sal skend. **Die Genootskap Oud-Pretoria voel verontrus oor die feit dat ten spyte van die feit dat hierdie Genootskap 'n liggaam is wat bestaan uit vooraanstaande kenners van ons stad se geskiedenis, uit argitekte en manne wat 'n lewendige belangstelling het in die bewaring vir die nageslag van ons stad se historiese geboue, parke en monumente; dat ten spyte van die feit dat die Genootskap die enigste erkende liggaam is wat die stad se belange in dié opsig op die hart dra, die Provinsiale owerheid nogtans nie die Genootskap geken het toe die nuwe gebou beplan is nie.**

Die Genootskap is maar al te bewus van die feit dat *vooruitgang* kenmerkend is van 'n vooruitstrewende gemeenskap. Die Genootskap Oud-Pretoria sou die laaste liggaam wil wees wat hierdie vooruitgang sou wou vertraag. Daar word egter gevoel dat vooruitgang alleenlik kan geskied indien dit op die hegte fondamente van die verlede geskied. Die mooi dinge uit die verlede moet nie *vervang* word deur die nuwe nie maar die nuwe moet inpas in die patroon of struktuur van die verlede. Dit is die voorvereiste vir 'n harmonieuse ontwikkelende beskawingstruktuur. Dit is die *sine qua non* vir 'n gebalanseerde kultuurontwikkeling wat na die toekoms reik. Die Genootskap Oud-Pretoria glo dat dit ook 'n kenmerk is van die kultuurvolkere by wie ons 'n waaragtige viriele lewensopvatting vind.

Die Genootskap Oud-Pretoria twyfel vir geen oomblik daaraan dat so 'n gebou waarin die administrasie gesentraliseer kan word, broodnodig geword het nie. Ons is almal maar té bewus van die verspilling van tyd en geld wat daar noodwendig moet plaasvind wanneer die administrasie gedesentraliseer is in honderde geboutjies en kantore wat oor die lengte en breedte van die stad versprei is. Landsbelang het dit vereis dat die administrasie in een gebou gesentraliseer moet word.

By die beplanning en oprigting van so 'n gebou was daar twee moontlikhede wat algemene goedkeuring sou wegdra.

(1) Die gebou kon op 'n plek opgerig word waar dit nie die estetiese en historiese betekenis van Kerkplein sou kon skend nie. Die Genootskap Oud-Pretoria voel dat indien die gebou opgerig moet word soos dit beplan is, daar grond weg van die Plein beskikbaar is waar dit opgerig kan word. Dit sou ook 'n besparing inhou aangesien goedkoper grond weg van die Plein af bekombaar is. Dit sou ook meer ruimte gelaat het vir toekomstige uitbreiding.

(2) Indien dit nie anders kon nie en die oprigting van die gebou op die huidig voorgestelde terrein noodwendig was, dan moes die beplanning

daarvan só gewees het dat dit nie afbreek kon doen aan die estetiese en historiese betekenis van Kerkplein nie. Die gebou kan so beplan word dat dit 'n eenheid met die res van die geboue om Kerkplein vorm. Die Genootskap Oud-Pretoria voel dat die voorgestelde gebou nie aan hierdie voorvereiste voldoen nie en dat die Genootskap sy plig sal versuim indien die Genootskap nie sy misnoeë te kenne gee met die voorgestelde gebou nie.

Daarby moet die Genootskap egter voeg dat die Genootskap geen kritiek uitspreek teen die gebou as gebou nie. Dit kom voor asof die gebou aan sy doel sal beantwoord, en ook dat dit 'n besonder fyn beplande gebou is en wil die Genootskap dan ook die betrokke argitekte en beplanners daarvan gelukwens. Hulle het hul opdragte ten beste uitgevoer. Dit is teen die opdrag self waarteen beswaar gemaak word aangesien die Genootskap voel dat die owerhede ten minste eers dié liggame wat belang het by die oprigting van so 'n gebou kon geraadpleeg het sodat ook hulle aanbevelings in die opdrag opgeneem kon word. Dan sou daar geen kritiek of besware teen die oprigting van die gebou ontstaan het nie.

Hierdie voorgestelde Provinsiale gebou is in werklikheid die eiendom nie alleen van die inwoners van Transvaal nie maar ook in besonder van die stad Pretoria. **Dit is dan ook goed dat dié liggame wat die breër publiek verteenwoordig, hul stemme verhef het. Ons wil 'n gebou hê wat nie alleen 'n besondere doel moet dien nie, maar wat voldoen aan die vereistes van 'n ontwikkelde kultuurgemeenskap.**

— Red.

# DIE PRETORIASE TRONK

## IN DIE DAE VAN DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK

As die spreekwoord dat alle goeie dinge stadig kom en indien n tronk iets goeds is, dan was die eerste tronk in Pretoria geen uitsondering op die reël nie. Pretoria is naamlik in 1855 aangelê en alhoewel daar mettertyd vir allerlei noodsaaklike dienste voorsiening gemaak was, het die oprigting van 'n tronk steeds agterweë gebly. Uiteindelik kon Landdros A. F. du Toit dit nie meer langer verduur nie en het hy sy nood onomwonde by die owerheid bekla deur aan te toon dat hy benewens sy ander pligte, die rol van regter sowel as tronkbewaarder moes speel en dat dit hom moeilik geval „eene jek of all trades te zijn." Dit is geensins duidelik wanneer daar uitvoering aan sy vertoë vir die bou van 'n tronk gegee is nie maar blykbaar het sy versoek aanvanklik op dowe ore geval sodat hy naderhand van blote moedeloosheid sy betrekking neergelê het. 'n Tronkgeboutjie is darem naderhand in die omgewing van die ou Raadsaal opgerig. Die




*Numerous historical buildings like the old Palace of Justice and the Raadzaal around Church Square have thus far lent an atmosphere to central Pretoria that is both unique and aesthetically beautiful. It is the outspoken aim of the Association Old Pretoria to preserve the unity and historical character of these buildings for the future of our city. We cannot allow the erection of buildings around Church Square that are foreign to the traditional unity of the whole.* *Photo: R. O. Basson.*

gebou was glo van die hartbeeshuis-tipe met 'n grasdak. Voorwaar dit sou nie veel moeite geverg het om daaruit te ontsnap nie!

Hierdie eerste tronk het blykbaar baie jare diens moes doen en dit was eers in die begin van 1873 dat die regering, op aandrang van Landdros Skinner, daartoe oorgegaan het om 'n gevangenis op te rig.

Die oorgrote meerderheid dokumente wat oor die eerste gevangenisse in Pretoria handel, is om onbekende redes nie in die argief in die Uniegebou beskikbaar nie. Gevolglik berus die gegewens oor die nuwe gevangenis in 'n groot mate op die vertellings van Mnr. J. H. du Plessis van Arcadiastraat 1114, Pretoria, asook op die besprekings in die Volksraad gedurende 1891 tot 1899 toe aanbevelings vir die bou van 'n sentrale gevangenis in Pretoria gemaak is. Mnr. du Plessis se vader was die sipier van die gevangenis tot die uitbreek van die Engelse oorlog.

Die nuwe gevangenis het op die terrein van die huidige Suid-Afrikaanse Munt op die hoek van Bosman- en Visagiestraat verrys. Die gebou was nie van die straat af sigbaar nie want dit was van 'n hoë omringende muur voorsien. Binne hierdie omringende muur was die selblokke vir blanke manlike gevangenes, 'n sinkgeboutjie vir die aanhoudng van jeugdige oortreders, 'n afdeling vir verhoorafwagtendes, twee aparte geboue vir blanke en nieblanke vroulike oortreders asook 'n kombuis, siekekamer en stalle. Naturelleoortreders is in 'n groot, gemeenskaplike sel binne die vierkant wat deur die selblok vir blanke prisoniers gevorm is, aangehou. Selfs die sipier en sy assistent se wonings was agter die omringende muur verskuil. (In die plaaslike stadsaal hang 'n waterverfskildery wat die hoofhek, 'n deel van die omringende muur en die voorstoep van die sipier se woning aantoon). Ook die ongetroude bewaarders is in die tronkgebou gehuisves maar die deure van hulle kamers het natuurlik na buite oopgegaan. Die woonhuise van die getroude bewaarders was aan Minnaarstraat geleë.

Die selle is eers in 1895 van sementvloere voorsien nadat 'n groepie blanke gevangenes deur 'n tonnel wat hulle tot in Visagiestraat gegrawe het, ontsnap het. Tot op daardie tydstip is die vloere slegs met leiklip uitgelê.

Op die gronde van die Z.A.S.M.-gebou is daar tans nog 'n watersloot (met leiklip bedek) wat uit die rigting van die Fonteine kom. Hierdie watersloot het destyds deur die tronkterrein gegaan en langs die kant is dan ook wasklippe aangebring sodat gevangenes hulle klere daar kon was.

Aan die westekant van die omringende muur was die tuin geleë. Daarin het die galg oop en bloot gestaan en dit was dan ook geen ongewone verskynsel dat die strate tydens teregstellings vol nuuskierige toeskouers was nie. Die Regering het enduit geweier om 'n verandering aan te bring want sulke openbare teregstellings sou glo voornemende misdadigers van ernstige wandade afskrik.

Afgesien van diegene wat vir die skoonmaak van die geboue en die terrein verantwoordelik was, het alle gevangenes bedags buite die tronk aan die paaie en in die gruisgate gewerk. Ontsnappings het nogal voorgekom

maar sommige bewaarders het daarvoor glo 'n goeie oplossing gehad. Hulle het altyd 'n ekstra gestreepte pak by hulle gehou en indien 'n naturellegevangene gedurende die dag ontvlug, het hulle die eerste die beste naturel aangekeer en, sy besware ten spyt, moes hy dan die res van sy rasgenoot se vonnis uitdien!

Veral vanaf 1890 is sterk vertoë tot die Regering gerig om 'n sentrale gevangenis te laat bou. Die nuwe inrigting sou die afskrikkende waarde van straf verhoog want gevangenes sou voortaan nie meer toegelaat word om buite die tronk te werk nie. Andersyds sou hulle arbeid tot groter voordeel van die Staat strek want die prisoniers kon geleer word om skoene, uniforms en dergelike benodighede vir die Staat te vervaardig. Sodoende sou daar nie net 'n groot besparing van uitgawes wees nie maar die gevangenes kon terselfdertyd 'n ambag leer en hulle kanse om te hervorm langs dié weg aansienlik bevorder. Wat meer is, aan hulle kon selfs 'n klein vergoeding vir hulle arbeid ten behoewe van die Staat betaal word. Sommige lede van die Volksraad het egter gedink dat sulke aanbevelings heeltemal uit die bose was. Hulle het dan ook na die voorgestelde inrigting verwys as 'n modelboerdery of 'n paleis waarin die misdadiger hom nie net „dik kon eet nie" maar boonop nog betaal word vir die kwaad wat hy aangerig het. Die gevangenes sou dan in die koelte van die bome sit en werk terwyl die eerlike burgers van die Staat in die son moes swoeg en sweet om liggaam en siel aanmekaar te hou. En, afgesien van die feit dat die gevangene sy kos, klere en huisvesting verniet kry, moet nog 'n „drinkgeld" by ontslag aan hom gegee word. Nee, dit is geen manier van straf nie. Buitendien sou so 'n beleid ander mense aanmoedig om misdade te pleeg sodat hulle ook 'n lekker lewe in die tronk kon voer.

Ander lede van die Volksraad was weer ten gunste van die bou van 'n sentrale gevangenis. So 'n inrigting sou 'n beter klassifikasie van gevangenes, skeiding van blank en nie-blank, ens. moontlik maak. Hulle was veral besorgd oor die jeugdige oortreder. Indien die jeugdiges nie met die geharde tronkvoëls in aanraking kom nie, kon hulle dalk nog hervorm word.

Die Regering het aanvanklik besluit om gehoor aan die vertoë te gee. Ons lees dat 'n kommissie aangestel is om 'n geskikte terrein vir die voorgenome strafinrigting uit te soek. Die kommissie het 'n stuk grond aan Von Wiellighstraat waar die naturellekampong van die munisipaliteit nou staan, vir die doel aangewys. Die Hoof van Gevangeniswese het ook 'n plan en 'n beraming van koste vir die oprigting van die gebou voorgelê. Volgens hom sou die inrigting nie veel kos nie want al die werk sou deur die gevangenes gedoen word. Maar in 1898 is besluit om voorlopig nie met die bou van 'n nuwe gevangenis voort te gaan nie en eerlank was die geleentheid om dit wel te doen vir die Boererepubliek vir goed verby.

Na 'n aansienlike vertraging het die Engelse besettingsregering in Desember 1904 met die oprigting van die sentrale gevangenis begin. Die werk is in 1907 voltooi.

—H. J. Venter.

# DIE STIGTING VAN PRETORIA

Voordat daar iets gesê word oor die stigting, net 'n paar aanhalings i.v.m. Pretoria.

(a) *„Een van die uitvloeisels van hierdie eenheidstrewe was die stigting van Pretoria as 'n sentrale middelpunt en as hoofstad waartoe hy (M. W. Pretorius) in Augustus 1853 die eerste stoot gegee het."* (1)

(b) *„Die moeilikheid was so groot dat in dieselfde memorie hul selfs voorgestel het om vier distriksrade te vorm wat dan eenmaal per jaar „op zekeren gezetten tyd by elkanderen zullen komen op het Middepunt van het Republiek."* (2)

(c) *„Elke dorp het hom volkome onafhanklik teenoor elke ander geag, sodat van groter eenheid soos gesimboliseer in 'n sentrale setelplaas, waarvandaan leiding vir die gebied kon uitgaan, geen sprake was nie."* (3)

(d) *„In Augustus 1854 besluit hy 'n vyfde gemeente te stig in die sentrum van die vier en 'n kerk te bou, waarop die plaas uitgesoek word deur M. W. Pretorius aangekoop."* (Die „hy" in die aanhaling is Ds. van der Hoff. (4)

(c) *„Men is overeengekomen 'n nieuwe stad aan te leggen en dezelve ter gedachtnis aan de overleden generaal Pretorius te noemen: Pretoriusstad"* en 'n paar reëls verder, *„Het is een der schoonste streken dezer gewesten, gelegen aan Derdepoort, in 't midden der Republiek."* (5)

Na aanleiding van bogenoemde aanhalings is die menings nie dieselfde nie. **Was die eenheidstrewe van die bevolking van die Z.A.R. of die feit dat die nuwe dorp die aangewese middelpunt in die Republiek sou wees of dat die plase waarop die nuwe dorp sou aangelê word hulle aardrykskundig besonder goed geleen het vir die aanlê van 'n dorp, die vernaamste beweegredes vir die stigting van Pretoria?**

Met die dood van A. H. Potgieter en A. W. J. Pretorius in die vyftiger jare was daar in die Z.A.R. wel 'n eenheidstrewe maar dit was nog nie so sterk dat die volk hulle agter een leier geskaar het nie. Inteendeel soos reeds aangehaal, was daar 'n onafhanklikheidsgevoel tussen dorpe sodat daar geen sprake van 'n sentrale setelplaas op hierdie tydstip was nie. Potchefstroom was die oudste dorp in die Z.A.R. en het gevoel dat hulle aanspraak kan maak as hoofstad. Lydenburg weer was nader aan die see en offisieel ook die hoofstad. (6), alhoewel nie sentraal geleë nie. Met hierdie wete probeer M. W. Pretorius en Piet Potgieter die volk versoen met die idee van 'n sentrale bymekaarkomplek vir die Volksraad (7), maar te Lydenburg word die idee verwerp. (8)

Pretoria was ook nie die middelpunt van die Republiek nie alhoewel dit nader vir die Lydenburgers en Soutpanbergers was as Potchefstroom. Die middelpunt moet aardrykskundig naby die teenswoordige Warmbad wees op dieselfde Suiderbreedte as Lydenburg.

Die stigting van Pretoria en wel op plase wat M. W. Pretorius van J. J. P. Prinsloo en A. van der Walt gekoop het, **was hoofsaaklik toe te**

**skrywe aan die aardrykskundige eienskappe van die plase.** (9) Nog voordat die Trekkers hulle permanent in die Transvaal kom vestig het, toe Mziligazi van Tsjaka weggevlug het, het Mziligazi die omstreke van Pretoria gekies as verblyfplek omdat die omgewing homself geleen het as vesting met sy natuurskoon, baie water en berge. Silkaats moes op sy beurt egter eers die Bakwenas van hierdie verblyfplek verjaag omdat die Apiesrivieroewers vir hulle ook die aangewese verblyfplek was. Minder belangrike stamme soos die Mapokkers het Mziligazi nie verjaag nie en hulle kon suid-wes van die teenswoordige Pretoria bly woon.

Mziligazi, of soos die Boere hom genoem het Silkaats, het sy krale op die teenswoordige Meintjieskop gehad en sy water uit die Apiesrivier gekry. „Van Meintjieskop se plato het Mziligazi sy impi's uitgestuur noord en wes en die verwoesting aanskou, asook die aanleg van sy eie werke." (10)

Hierdie rustige verblyfplek het vir Silkaats later te gevaarlik geword toe Dingaan die opvolger van Tsjaka, besluit om Silkaats te straf vir sy ontrou aan die Zoeloe-nasie en 'n impi teen Silkaats uitgestuur het. Om sy eie vel dus te red het hy noodgedwonge die omstreke van die Apiesrivier vaarwel gesê en verhuis na Groot Marico waar hy die statte Mosega en Kapain aangelê het.

Vir die Potgieter-Trek wat hulle te Potchefstroom en omgewing gevestig het na die slag van Vegkop, was die verskuiwing van Silkaats na Marico voordelig, nie alleen omdat die gevaar van rooftogte daardeur verminder het nie, maar ook omdat dit nuwe woonplek vir die Trekkers gebied het.

Die eerste blanke bewoners van die Apiesrivier-omgewing was Gerhardus Stephanus Bronkhorst met sy vrou Anna Susanna (geb. Minnaar) wat in 1834 uit die distrik Graaff-Reinet saam met A. H. Potgieter getrek het en Lukas Bronkhorst met sy huisgesin. Hierdie twee broers het in 1842 die plaas Elandspoort aangelê en „besluit om daar te gaan woon, omdat die water vir hulle so mooi was en die saaigeleentheid hulle ook toegelag het. Hulle het met erns hulle toegelê op die uithaal van 'n watervoor en die bou van die eerste hartbeeshuisies." (11)

Die opstal van G. S. Bronkhorst het gestaan waar die teenswoordige spoorbrug na Lourenco Marques die Apiesrivier sny terwyl L. Bronkhorst hoër op in die poort naby die Fontein se oog vir hom 'n aanleg gemaak het. In 1842 is Maria Jacoba, 'n dogter van G. S. Bronkhorst, aan Mooirivier met Philippus Carel Minnaar getroud en het die jong egpaar hulle ook in die onmiddellike nabyheid van G. S. Bronkhorst op Elandspoort gevestig. (12)

Die naaste bure van die Bronkhorst-familie was Andries Beetge, 'n swaer van G. S. Bronkhorst, wat op Garsfontein gewoon het en Piet Smit in Daspoort. (13)

In 1845 het G. S. Bronkhorst met sy skoonseun P. C. Minnaar saam met A. H. Potgieter na Ohrigstad versit. G. S. Bronkhorst het egter malaria opgedoen te Ohrigstad sodat die familie na sy dood weer besluit het om na Elandspoort terug te keer. Lukas Badenhorst het nie saamgetrek na Ohrigstad nie en met die terugkeer van weduwee Bronkhorst en P. C.

Minnaar na Koedoespoort, was hy nog besig met plant en saai terwyl sy huis maar net 'n skerm was. ([14])

In 1844 was die Apiesrivier sterk, en het op plekke „vry diep geloop. Die bron was oop en omring van wilde boskasie van varens en bome." Die vallei van die Apiesrivier was 'n „lusoord, mooi van natuur en geseën met 'n lieflike klimaat en baie water." „Die bulte en vlaktes na die ooste en weste toe was net so ruig begroei met soet- en kameeldoring en ander bome," terwyl die middelste gedeelte van die teenswoordige stad „bontveld" was. Hierdie „bontveld" met sy oop kolle tussen die bome het aan die omgewing 'n „parkagtige voorkoms," gegee terwyl die „wagenbietjie en die wit buffelpeer bloesems in die somer die lug oorlaai het met heerlike geure." ([15])

Hierdie vrugbare vallei het na 1844 nog meer intrekkers gekry. Die linkeroewer van Apiesrivier (met die stroom af gesien) was nog onbewoon en hier het veldkornet Andries van der Walt hom teenoor die Bronkhorst weduweee en P. C. Minaar gaan vestig in die omgewing van die teenswoordige Spoorwegstasie en die „Belgrave Hotel." ([16]).

Na die slag van Boomplaas in die Oranje Vrystaat (1848) het A. W. J. Pretorius terug gekeer na die Transvaal na sy plaas langs die Magaliesberge. Saam met hom het 'n trek van Voortrekkermense uit die Vrystaat uit Ohrigstad en Natal, „wat mekaar êrens op die Hoëveld getref, en saam hierheen gekom het, om te woon — die Fouries, Smits, Minnaars, Vermeulens, van Rensburgs, Prinsloos en Pretoriuse," gekom. ([17]).

Die meeste van hierdie nuwe intrekkers, behalwe die Fouries, wat op Wildebeeshoek gaan woon het, het hulle langs die Apiesrivier neergelaat en daar bly woon saam met die Bronkhorst-familie, die Minnaars, van der Walts, du Preez wat saam met A. van der Walt hom naby die teenswoordige dieretuin gevestig het, en Piet Smit van Daspoort.

Koedoespoort en Daspoort het in 1848 dus heelwat bewoners gehad en dit was mense wat A. W. J. Pretorius grotendeels na die geweste gebring het.

Aangesien A. W. J. Pretorius nie te ver van Koedoespoort en Daspoort op sy plaas „Grootplaas" gewoon het nie en sy seun M. W. Pretorius, wat op Kalkheuwel gewoon het, die bewoners van Koedoespoort en Daspoort ook goed geken het, kon ons verwag dat die Apiesrivier-bewoners ondersteuners van die Pretoriusse was. Waar A. H. Potgieter reeds 'n paar dorpe in die Transvaal gestig en na hom vernoem het, het daar die idee posgevat dat A. W. J. Pretorius ook 'n dorp moes stig en na hom moes vernoem. Met die dood van A. W. J. Pretorius, het die idee sterker geword en toe die Kommissieraad te Rustenburg in 1853 aanbeveel *„om de zittingsplaatz der Volksraad te bepalen in het midden des Lands, derwyl tot grooter gemakt der geheele bevolking strekken zou,"* ([18]) het M. W. Pretorius nie gras onder sy voete laat groei om met die Apiesrivierbewoners te onderhandel nie. Aangesien die gebied toe alreeds dig bewoon was en die omgewing hom so goed geleen het vir die stigting van 'n dorp, koop M. W. Pretorius die twee halwe plase Koesdoespoort en Daspoort

van J. J. P. Prinsloo en A. van der Walt vir die bedrag van 8000 Rds. Die saak was nou om by die Volksraad, wat sy sitting te Lydenburg sou hê, verby te kom ([19]).

Die brief van M. W. Pretorius aan die Volksraad te Lydenburg meld dat dit 'n aansoek was van die publiek om 'n sentrale setelplaas vir die Volksraad te kry maar dit is op sy eie inisiatief dat Koedoespoort en Daspoort gekies is, waar talle mense gewoon het wat deur A. W. J. Pretorius daarheen gebring is. ([20]).

Die brief vra ook om die naam van die dorp „aan ons te late," ([21]) want Lydenburg kan dalk oor 'n ander naam besluit indien hulle wel die stigting sou goedkeur.

**Die Lydenburgers en bewoners van die benede Apiesrivier het egter nie vir die stigting van 'n dorp gevoel nie maar aangesien die sieletal van Koedoespoort, Daspoort en omgewing dit toegelaat het, word daar te Rustenburg deur Ds. van der Hoff en sy Kerkraad besluit (op 7 Junie 1854) om „eene afsonderlyke gemeente te stigting op de aangekochte plaats Elandspoort."** ([22])

Die verhouding tussen Ds. van der Hoff en M. W. Pretorius was in 1853-1854 besonder goed en as ons aanneem dat Ds. van der Hoff die naam *Pretoria-Philadelphia* gegee het, moet ons ook aanneem dat M. W. Pretorius reeds in 1853 vir Ds. van der Hoff in sy vertroue geneem het oor die moontlike stigting van 'n dorp.

**Pretoria is dus nie gestig om as setelplaats van die Z.A.R. te dien nie maar is gestig as gemeenteplaas, omdat die Volksraad in 1853 nog nie die behoefte van 'n sentrale „Zetelplaats" wou insien nie.** Indien die sieletal vir 'n gemeenteplaas dit ook nie regverdig het nie sou die Volksraad in 1854 dit stellig ook nie goedgekeur het nie en as A. W. J Pretorius die „Fourie-Trek" in 1848 nie na Koedoespoort en Daspoort gebring het nie, sou daar nie genoeg „siele" of getalle vir 'n gemeenteplaas gewees het nie.

Pretoria is wel gestig op die inisiatief van M. W. Pretorius en met die hulp van Ds. van der Hoff en andere maar dit sou ook nie kon gebeur het as Koedoespoort en Daspoort hulle aardrykskundig nie so goed geleen het vir die aanlê van 'n dorp nie.

Die idee van 'n hoofstad by die stigting van Pretoria is ook foutief. Welliswaar word petisies aan die regering gestuur waarin gevra word dat „ons Hoofstad meer in 't dikste midden van de bevolking mag zyn, en niet op het uithoek waar het nie kan beskermd worden," ([23]) maar met die offisiële goedkeuring tot die stigting van Pretoria as dorp, ([24]) te Potchefstroom, word daar hoegenaamd niks van melding gemaak dat Pretoria enigiets anders as 'n dorp sal wees nie.

In die grondwet van die Z.A.R. van 1858 word Potchefstroom die hoofstad en hierdie bepaling is nooit gedurende die Boerebewind in die Z.A.R. tot 1899 verander nie. ([25]) Pretoria het wel in 1858 volgens Art. 17 van die Grondwet „De Zetel van het Gouverment" geword, ([26]) en is in 1877 deur Shepstone en die Engelse bestuur tot 1881 aanvaar as die hoofstad van die

Z.A. Republiek, maar volgens wetgewing van die Z.A.R het Pretoria nie die hoofstad geword nie. [27]

Vanaf 1902 tot 1910 is Pretoria weer deur die Engelse Bewind as die Hoofstad beskou maar eers met die Unie Grondwet van 1910 het Pretoria by wetgewing die Administratiewe hoofstad van die Unie van Suid-Afrika geword. [28]

—R. Peacock.

---

(1) *Die Stadsraad van Pretoria: Eeufeesalbum, p.9.*
(2) *Pieterse, J. J.; Die geskiedenis van Pretoria tot 1877, p.17, en R,771/55.*
(3) *Pelzer, Dr. A. N.: Wordingsjare. Deel 1, p.143.*
(4) *Wypkema, A.: Munisipaliteite van Transvaal. Hoofstuk VII p.3.*
(5) *Preller, G. S.: Ou-Pretoria. p.50, na aanleiding van 'n koerantberig in „De Zuid-Afrikaan" van 17 Okt. 1853.*
(6) *Sien Wichmann, Dr. F. A. F.: Wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek 1838-1860. p.45. uit die Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis 1941 Deel II, en Pelzer, Dr. A.N.: Wordingsjare Deel I p.143 en p.146. Ook Engelbrecht, Dr. S.P.: Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk van Afrika p.99.*
(7) *Kommissieraadsbesluit Art. 50 van Aug. 1853 te Rustenburg.*
(8) *Volksraadnotule Art. 80 van 19 Sept. 1853 te Lydenburg.*
(9) *Lees ook Pelzer, A. N.: Wordingsjare. Deel 1 p.143, waar die skrywer meld dat die plase hulle uitmuntent sou leen vir die aanlê van 'n dorp.*
(10) *Preller, G. S.: Ou-Pretoria, p.p.18-29 en „Ons Vaderland," 10 Okt. 1930 — spesiale uitgawe i.v.m. die viering van die verhoging van die Transvaalse Universiteitskollege tot die Universiteit van Pretoria.*
(11) *Preller, G. S.: Voortrekkermense. Deel IV p.137. (Herinnerings van Maria Jacoba Minnaar geb. Bronkhorst).*
(12) *Ibid p.138. Lees ook Bylaag III in Preller se Dagboek van Louis Trichardt waar Bronkhorst genoem word, maar daar is sy voorletters J. G. S. Bronkhorst alhoewel in Voortrekkermense IV van Preller sy voorletters net G. S. Bronkhorst aangegee word.*
(13) *Ibid. Sien ook R. Peacock: Die Geskiedenis van Hercules p.3.*
(14) *Preller, G.S.: Ou-Pretoria. p.13.*
(15) *Ibid p.14. Herinneringe van Maria Jacoba Minnaar (geb. Bronkhorst in 1915).*
(16) *Ibid en Stadsraad van Pretoria: Eeufeesalbum p.15.*
(17) *Preller, G. S.: Ou-Pretoria p.9.*
(18) *Kommissieraadsbesluit Art. 50 te Rustenburg 9 Aug. 1853.*
(19) *Lees ook in Pretoriana, Deel II Nr. I. Die artikel van Dr. van Rooyen: Pretoria is nie gestig om as Regeringsetel te dien nie.*
(20) *William Skinner en Lewis Devereux was ook deur A. W. J. Pretorius na Grootplaas gebring om sy woonhuis te bou—Ou-Pretoria p.43.*
(21) *S.A. Argiefstukke: Transvaal Nr. 2 p.445 + V.R. 3/10/53.*
(22) *Die Volkstem 10 Okt. 1930—Artikel van Prof. Dr. S. P. Engelbrecht.*
(23) *Pelzer, A. N.: Wordingsjare, Deel I p.143.*
(24) *V.R.B. 16 November 1855 Art. 70 te Potchefstroom.*
(25) *De Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885 en bygaande uitgawes tot 1899.*
(26) *De Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, p.36 en Stadsraad van Pretoria: Eeufeesalbum, p.11.*
(27) *Sien ook die Brosjure-Pretoria gesamentlik deur die Pretoriase Publisiteitsvereniging en die S.A. Spoorweë uitgegee en gedruk deur die Cape Times Bpk. Kaapstad, Suid-Afrika 1948. bl. 1 waar aangehaal word „Pretoria was dus altyd 'n hoofstad en sy inwoners het steeds vorentoe gestrewe."*
(28) *Lees ook: Pretoriana Deel II No. 3: J. M. H. van Aardt: Vier Bestuursvorme binne een Dekade II waar verwys word na Artikel 18 van die Suid-Afrika Wet. A1909Q.*

# BROKSTUKKE UIT

## „MY ERVARINGS EN HERINNERINGE GEDURENDE DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG IN SUID-AFRIKA"

*Opgestel deur Kaptein Alexander George Boshoff, gebore te Harrismith (O.V.S.) en verwerk deur dr. J. Ploeger en dr. W. Punt.*

*Die kranige oue heer, Alexander George Boshoff, is op 20 Julie 1875 te Harrismith gebore. In 1884 is sy vader, J. N. Boshoff tot Tesourier-Generaal van die Z.A.R. benoem en moes die gesin na Pretoria verhuis.*

*As jongman was hy by Jameson se oorgawe teenwoordig. Kort daarna is hy as Claiminspekteur op die Wes-Rand aangestel. In Krugersdorp is 'n Vrywilliger Korps van die Kavallerie opgerig en hierin is A. G. Boshoff tot 1ste Luitenant benoem.*

*Met die uitbreek van die oorlog was luitenant Boshoff onder die eerstes om na die Natalse front te gaan. Hier het hy aan al die groot gevegte deelgeneem en hom deur sy dapperheid onderskei.*

*In Oktobr 1900 is hy by die kommando van generaal Smuts ingedeel en het hy deelgeneem aan die inval in Kaap Kolonie. Gedurende die veldtog is hy tot kaptein bevorder, en in Mei 1902 het hy generaal Smuts na Vereeniging vergesel.*

*Kaptein Boshoff het later besluit om sy geboorteland te verlaat. In 1904 het generaal David Joubert met 'n afvaardiging na Portugees Oos-Afrika gegaan. Kolonel Trichardt was toe reeds op Madagaskar om kort daarna met 'n deputasie na die toenmalige Duits Oos-Afrika te gaan.*

*In 1909 het mnr. en mevr. Boshoff ('n dogter van kol. Trichardt en 'n kleindogter van die eerste Voortrekker Carolus Trichardt) op aandrang van hul familielede besluit om ook die lang reis na die noorde te aanvaar om hulle te voeg by die voorstes onder die voorste Afrikaners . . .*

* * *

Die volgende besonderhede, soos aan die Boshoff-manuskrip ontleen, het te doen met die lewe in Pretoria kort na die sluiting van die Vrede van Vereeniging. Kaptein Boshoff het die verrigtings aldaar bygewoon. Hy was saam met die Boeremagte onder Generaal Jan Chr. Smuts naby O'Kiep toe 'n Britse offisier die tyding kom bring het dat Generaal Smuts na Ver-

eeniging moet gaan om daar die vredeskonferensie by te woon. Generaal Louis Botha het hierdie versoek aan Generaal Smuts gerig en sowel Boshoff as Deneys Reitz het die Boeregeneraal op sy reis na die noorde vergesel.

Op Vereeniging het die kaptein die groot kamp gesien waarin die verrigtings sou plaasvind. Oos van die middelpunt van die kamp was die tente vir die Vrystaatse afgevaardigdes in die vorm van 'n halfmaan opgestel. In die middel van hierdie halfmaan was 'n groot eettent. Aan die weskant van die konferensietent was weer 'n halfmaan tente, die tydelike tuiste van die Transvaalse afgevaardigdes. Ook daar was 'n eettent weer die middelpunt van die halfmaan. Hierdie toneel is afgerond deur 'n paar tente vir Britse offisiere en wagte en twee winkeltjies waar die Boere-afgevaardigdes benodighede kon koop.

* * *

Boshoff se indrukke in verband met die konferensie en die uitslag van die besprekings kan in sy eie woorde soos volg saamgevat word: „Toe die uitslag eindelik bekend geword het nadat die generaals uit Pretoria terug was, was dit vir baie van ons 'n treurige tyding en kon jy menige traan in die oë van baie burgers sien. Almal was stil en dit het meer daarop gelyk of ons by 'n begrafnis was, wat dit ook werklik was."

Die aand na die bekendmaaking van die uitslag het Boshoff in geselskap van Staatsekretaris F. W. Reitz per trein na Pretoria afgereis, waar hulle die volgende oggend aangekom het.

Boshoff moes gaan rapporteer by 'n woning langsaan die plek waar sy oom mnr. Jannie Marais, eertydse Ouditeur-Generaal van die Suid-Afrikaanse Republiek, voorheen gewoon het. (1)

Nadat sy swaer, mnr. Melt Marais, in sy vroeëre woning teruggekeer het, het Boshoff sy intrek aldaar geneem. Nie alleen het hy sy grond verloor nie, maar ook sy gesin. Kort daarna het Generaal Jaap van Deventer die twee ryperde, die geweer en die rewolwer van Boshoff kom aflewer. Al die offisiere van die Republikeinse magte kon hul wapens behou en Kaptein Boshoff was ongetwyfeld bly om sy rewolwer terug te kry aangesien dit een van die vier was wat deur mnr. Tjaart Kruger, 'n seun van die Staatspresident, na 'n eksamen in die kamp van die Staatsartillerie in 1897 aan suksesvolle landgenote oorhandig het.

Boshoff was bly om 'n tuiste te hê want hy kon sy linkerarm nie gebruik nie. Dit het twee jaar geduur voordat die arm genees het en uit hierdie tydperk onthou die skrywer nog verskillende voorvalle en gebeurtenisse.

Op 'n tuinparty wat deur sy suster (mevr. Marais) aangebied is, was o.m. die bekende mej. Emily Hobhouse en mnr. W. Stead (van die „Review of Reviews") onder die gaste. Nadat mnr. Stead die aanwesiges toegespreek het, het Boshoff die Transvaalse Volkslied gesing. Baie aanwesiges het geskrik, maar mnr. Stead het gesê: „You are quite right. I appreciate your feelings, sing it once more." Boshoff het aan die versoek voldoen

en meerdere aanwesiges het nou saamgesing. Dit was in die dae toe krygswet, deur Boshoff „Martje Louw" genoem, in die Transvaalse Hoofstad afgekondig was.

Boshoff het, ofskoon hy nie verder daaroor uitwei nie, sy gevoelens nie onder stoele en banke gesteek nie. Sy tydelike verblyfplek is dopgehou. Mevr. Marais het 'n papegaai gehad wat sy „Hands up Khaki" leer sê het. Op 'n sekere dag het 'n paar verbygaande Britse onderoffisiere die praatsieke papegaai gehoor. Die gevolg van hierdie voorvalletjie was dat die papegaai na die agterstoep moes verhuis.

Langsaam het die strydendes van die oorlogsterreine na Pretoria teruggekeer. 'n Klein aantal van hulle het op Kerkplein hul waens saamgetrek gehad. Dit was in hierdie dae dat die nuus versprei is dat ds. H. S. Bosman voornemens was om die teruggekeerdes namens sy Kerk en die Volk te verwelkom.

'n Besondere diens is in die ou kerkgebou van die Ned. Hervormde of Gereformeerde gemeente op Kerkplein gehou. Die kerkgebou was stampvol. Na 'n kort diens het die voorganger dié aanwesiges wat van buite Pretoria en van die kommando's gekom het, gevra om op te staan. Ongeveer 'n vyftigtal van die gehoor, onder wie ou grysaards was, het aan hierdie versoek voldoen. Oral het kerkgangers in rougewaad gestaan en nadat ds. Bosman hulle namens homself, sy Kerk en die Volk hartelik verwelkom het, het hy o.m. verklaar dat baie van die moeders en susters hier (aanwesig) met verlange na die terugkoms van die strydende burgers uitgesien het. Hulle moes verneem hoeveel burgers gesneuwel het. 'n Gesnik en geween het op hierdie woorde gevolg. Dit was hartroerend om te sien, aldus die skrywer.

Ds. Bosman het vervolg deur te sê dat hy so dikwels aan die Afrikaners hier in die stad gevra het waarom hulle nie by die vegtende burgers was nie en dat hy menigmaal die antwoord ontvang het dat die aangesprokenes te oud was om die ontberings te kan uitstaan. Maar kyk, wie is die oues, dié wat sit of staan? ([2])

Ds. Bosman het vervolg: „Burgers, ons dapper helde het hul taak en plig teenoor ons dierbaar land trou vervul en nagekom, julle het jul land verdedig teenoor een van die magtigste lande van die wêreld. Ons twee Republieke het saam maar 60,000 weerbare mans getel en waarvan op die meeste maar 40,000 aan die begin van die oorlog aan die front was. Julle het volgehou tot die bitter einde terwyl julle die laaste jaar geen 8,000 getel het nie. Ons dapper helde teenoor tweemaal 140,000 van die magtige Engeland en nog meer as 15,000 Kaffers en nog duisende van julle eie volk en bloed. Mag ek sê u eie bloed? Nee, nee, want hulle het nie van hierdie aarde gekom nie, maar van die hel." ([3])

Na nog 'n kort toespraak het ds. Bosman die diens afgesluit. 'n Mens

kon sien, aldus Kaptein Boshoff, dat die ou predikant aangedaan was. Kort daarna is ds. Bosman dan ook voor die owerheid geroep en gewaarsku.

Die gehoor het kort na sy toespraak na hul verwoeste plase teruggekeer waar hierdie geharde manne en vroue weer 'n begin gemaak het met die opbou van 'n nuwe land.

---

(1) *B.M. Bls. 104: „ . . . in die straat Wes van Lapin's Hotel."*

(2) *B.M. Bls. 105: Die skrywer het ds. Bosman sedert 1882 geken en 'n groot agting vir hom gekoester. In die manuskrip lui die laaste sin: „ . . . wie is die oudes, wat zit of staan."*

(3) *Hierdie deel is tussen aanhalingstekens geplaas. In die manuskrip is dit NIE die geval nie. Die weergawe is kaptein Boshoff s'n, maar nie 'n letterlike weergawe van ds. Bosman se woorde nie. Dit is slegs gedoen om die styl te verlewendig.*

# EPITAPH ON A DIAMOND DIGGER

*Here lies a digger, all his chips departed—*
*A splint of nature, bright, and ne'er down-hearted:*
*He worked in many claims, but now (though stumped)*
*He's got a claim above that can't be jumped.*
*May he turn out a pure and spotless "wight",*
*When the Great Judge shall sift the wrong from right,*
*And may his soul, released from this low Babel,*
*Be found a gem on God's great sorting table.*

A. Brodrick: "A Wanderer's Rhymes". London, 1893.

# ON A GOVERNMENT SURVEYOR

1885

*Death roodly knocked him off his perch;*
*He cares no more for sluit or dam—*
*No more with paint, and deep research—*
*He'll frame the dainty diagram.*
*All earthy boundaries are passed,*
*His beacon's fixed on Hope's high crest;*
*And freed from wordly "chains", at last —*
*He'll taste the od-de-lite of rest.*

A. Brodrick: "A Wanderer's Rhymes". London, 1893.

# UIT DIE NAGELATE PAPIERE VAN MNR. J. B. WIJERS

*Op byna 88 jarige leeftyd het op 8 November 1953 'n bekende inwoner van die Hoofstad, mnr. Jan Brink Wijers, heengegaan.*

Mnr. Wijers het op 1 Desember 1865 die lewenslig te Hellouw (Gelderland, Nederland) aanskou as seun van Jan Wijers en Everdina Johanna Evers.

In Nederland het die jong Wijers hom in die boukunde bekwaam en op 13 Junie 1889 aan boord van die „Dunbar Castle" die reis na Suid-Afrika aanvaar. Die „Dunbar Castle," wat aan die „Castle"-skeepvaartmaatskappy behoort het, was 'n skip met 'n tonnemaat van 2,608 wat deur stoom en seile voortbeweeg is.

Van Vlissingen (Nederland) na Kaapstad was die reiskoste onderskeidelik 672 sjielings (eerste klas), 441 sjielings (tweede klas) en 273 of 253 sjielings derde klas — 'n groot verskil in vergelyking met die pryse wat hedendaagse reisigers moet betaal.

Hierdie pryse was, aldus 'n prospektus uit daardie dae, *„met inbegrip van uitmuntende tafel, gebruik van bed, beddegoed en hutlinnen."*

Volgens dieselfde pryslys het die treingeld van Kaapstad na Kimberley onderskeidelik 161.9 sjielings (eerste klas), 107.10 sjielings (tweede klas) en 53.11 sjielings (derde klas) bedra. Dan volg „van Kimberley na Johannesburg per rijtuig ongeveer 100.-." Per wa was die reiskoste ongeveer 40 sjielings.

Terwyl die bootreis Vlissingen-Kaapstad ongeveer drie weke in beslag geneem het, was die duur van die vermelde treinreis 32 uur. Al hierdie besonderhede is onder die opskrif *„Opgave der reiskosten van Vlissingen naar Johannesburg (Transvaal) kort bij Pretoria,"* vermeld.

Op 20 Junie 1889 het die „Dunbar Castle" by Las Palmas anker uitgegooi en op 8 Julie het mnr. Wijers, sy broer Reiner en die ander passasiers in Kaapstad voet aan wal gesit nadat die skip die vorige aand Tafelbaai binne gevaar het.

Na 'n treinreis van 42 uur het Wijers en sy broer in Kimberley aangekom om die daaropvolgende dag „per ezelwagen" noordwaarts te ry. „Voor potkokerij onderweg was goed gezorgd eene pot, 2 ketels, elk een kop, bord, lepel, vork, etc. namen 2/we mede. Een half schaap werd gekocht. Tegen negen uur werd er halt gehouden tot 3 uur in welken tijd we een gedeelte van ons brood nuttigden, met gebraden schapenvleesch en koffie welke artikelen we op een vuurtje hadden toebereid. Na dit genuttigd te hebben, begaven we ons ter ruste, en brachten hier een beteren nacht door dan op onze spoorreis," aldus mnr. Wijers in sy kort dagboek waarin nog

vermeld is dat hy op 16 Julie met 'n pont oor die Vaalrivier gegaan het om die aand van die daaropvolgende dag in Christiana aan te kom.

Kort na sy aankoms in Pretoria het mnr. Wijers se broer 'n brief geskryf aan mnr. Nicolaas Pos van McKenziestraat 28, Kaapstad om hom te bedank vir die voortreflike wyse waarop hierdie oud-Nederlander die landverhuisers in Kaapstad touwys gemaak het.

In sy antwoord van 17 Augustus 1889 skryf mnr. Pos o.m. „In 12 dagen van Kimberley naar Johannesburg, dat is zeer voorspoedig."

Uit dieselfde skrywe, asook uit die dagboek van mnr. J. B. Wijers, blyk dit dat 'n sekere Van den Broeke saam met die Wijersbroers na Pretoria gegaan het om aldaar pogings te onderneem om met 'n steenbakkery te begin.

In verband met belastings gee twee kwitansies aangaande erf 100, Arcadia, besonderhede. Op 10 Desember 1896 is 10s. betaal, terwyl dieselfde bedrag vir 1897 op 29 Januarie van daardie jaar betaal is. In laasgenoemde jaar was mnr. J. B. Wijers reeds weer 'n paar jaar in Pretoria woonagtig, nadat hy o.m. in 1892 in Bloemfontein woonagtig was.

Sy aanstelling as tydelike tekenaar by die *„Department van Publieke Werken"* van die Suid-Afrikaanse Republiek dateer van 13 September 1895, sulks met terugwerkende krag van 1 Augustus 1894, teen 'n besoldiging van £25 per maand. Op 7 Januarie 1895 was inmiddels reeds 'n bewys van naturalisasie aan mnr. Wijers uitgereik (R.4558/94), 'n dokument onderteken deur Staatsekretaris dr. W. J. Leyds en Staatsprokureur Ewald Esselen.

Mnr. Wijers se aanstellingsbrief as Opsigter Eerste Klas by die *„Departement van Publieke Werken"* dateer van 18 Februarie 1896 (met terugwerkende krag van 1 November 1895) en is onderteken deur die Staatspresident en Waarn. Staatsekretaris C. van Boeschoten.

Die aanstellingsbrief is genommer R. 9471/95. Uit 'n amptelike skrywe van 4 Maart 1896 (R.2090/96) en onderteken deur die Waarn. Staatssekretaris blyk dat mnr. Wijers op daardie tydstip in Johannesburg werksaam was. Aan hom is opgedra om tydens die afwesigheid van hoofopsigter mnr. C. F. Obermeyer as waarnemende hoofopsigter op te tree. Mnr. Wijers is, na die beëindiging van sy waarneming, terug na Pretoria.

Volledige stemreg is ooreenkomstig art. 725, dd. 25 Julie 1895 van die Eerste Volksraad op 30 Augustus 1897, aan mnr. Wijers verleen (R.14979/96).

'n Klein aantal dokumente in verband met die Tweede Vryheidsoorlog is onder die nagelate papiere van mnr. Wijers aangetref. 'n Marsorder aan hom uitgereik is deur die skrywer reeds in deel XI, no. 3, van *„Africana Aantekeninge en Nuus"* (Johannesburg, 1954) gepubliseer.

Dan is daar 'n groen-wit kaart (afm. 4 duim by ongeveer 5 duim) waarop staan: „Pretoria, 30 October 1899. Houder J. B. Wijers, wettelijk daartoe gecommandeerd, behoort tot den garnizoensdienst van het Hollan-

der-Corps. De Commandant v/d Garnizoensdienst Hollander-Corps, L. de Waard. Handteekening van houder, J. B. Wijers."

Op die agterkant van die kaart staan gestempel: „Garnizoensdienst Hollander Corps."

Op 3 November 1899 is, namens die Eerste Luitenant van Polisie van Pretoria, die volgende bewysstuk aan mnr. Wijers uitgereik.

„Permit voor Rywiel. Verleend aan den heer J. B. Wyers werkzaam als Garnizoens Dienst by Renbaan, by Krygs Gevangenen; om met zyne Rywiel te ryden vanaf 6 uur des avonds, tot en met 6 uur des morgens, geldig voor zoolang als het oorlog duurde."

Op 2 Desember 1899 het die Waarn. Kommandant van die Hollander-korps (G. Westenenk) aan mnr. Wijers meegedeel dat hy van nouaf weer ingedeel sou wees by „de sectie Klooster" van die Korps. Kort daarvoor het mnr. Wijers, soos dit uit 'n brief blyk, as waarnemende seksie-kommandant opgetree en uit daardie tyd dateer waarskynlik die volgende presensielys van die seksie onder seksie-kommandant K. van Rijsse. Hier volg die name: G. Zonneveld, J. W. Theyssen, J. B. Wijers, B. Veenemans, A. v.d. Meulen, H. Siemerink, C. I. (of J.) de Wilde, M. H. Bruyn, M. Brouwer, J. J. v.d. Koppel, J. G. Ormel, L. F. Goldman, P. J. v.d. Bergh, J. . Kesting, C. v.d. Linde, G. J. Hofs, J. J. Barlagen, W. Wijsbek, H. P. (?)elker, G. E. ter Haar, C. J. Swierstra, O. O. Faasen, G. van Dreumel, W. A. Hennis, F. J. Schultz, A. H. Ruygrok, J. van der Loos, J. C. Pfenning, J. de Bruyn, A. J. Franken, Wijker, v. Rooy, Woldendorp, H. G. Wabeke, N. G. Molenbroek. Die spelling van die name laat hier en daar aan duidelikheid te wense oor en agter die volgende name kom in potloodskrif „n" of „niet" voor: Siemelink, v.d. Bergh, Hofs, Wijsbek, Schultz, Ruygrok, Wijker. Verder is die naam Lansdorp deurgehaal.

'n Aantal van genoemde persone het hul handtekeninge op die agterkant van diensbevel no. 46, dd. 3 Nov. 1899 geskryf. Hierdie diensbevel, opgestel in die kantoor van die garnisoendiens van die Korps en gerig aan seksie-kommandant K. van Rijsse (B.B.218/99) lui soos volg:

*„Van af heden zult gij of iemand uwer manschappen zich zonder speciaal permit, niet uit Pretoria of van de vaste posten mogen verwijderen. Allen moeten zich steeds gereed houden om binnen twee uren na de eerste oproeping zich ten dienst te stellen van de Z. Afr. Rep. (Garnizoensdienst). Elkeen die zich uit of van den dienst onttrekt, moet u rapporteeren desnoods arresteeren en ter beschikking van den veldcornet stellen."*

Uit 'n skrywe van die volgende dag blyk dat die manskappe P. J. v.d. Berg, G. J. Hofs, F. J. Schultz, A. H. Ruygrok en Wijker in kennis gestel moes word van bogenoemde diensbevel „met vermelding dat zij bij een volgend dienstverzuim aan den Veldcornet zullen worden gerapportteerd, teneinde gestraft te worden." In dieselfde skrywe (B.B.240/99) kom die vermelding voor dat die wag elke aand met vyftien manskappe (N.Z.A.S.M.personeel) versterk sou word.

Behalwe die amptelike korrespondensie van die kantoor van die Korps

is ook kennisgewings geskryf en uitgestuur. Hierdie kennisgewings dra geen volgnommers nie.

'n Voorbeeld daarvan is die volgende, gedateer 2 November 1899 en onderteken deur Luit. J. C. Goldman in opdrag van Kommandant Lombard:

„Luitt. van Rijsse, De heer A. J. Franken Lid Holl. Vrijw. Corps Afd. Cavallerie, wenscht in Uwe Sectie te worden opgenomen voor politiedienst als anderszins."

— J. Ploeger.

# *DIE KRONIEKE VAN WALLMANNSTHAL*

V.

T. S. VAN ROOYEN

*In Desember 1878 het Eerw. Knothe Wallmannsthal verlaat. Toe hy uiteindelik na meer as agt jaar van moeilike en dikwels kommervolle arbeid Wallmannsthal en die gemeente aldaar vaarwel toeroep, kon hy minstens dié bevrediging smaak naamlik dat die sendingstasie stewig gevestig is en dat sy opvolgers verder kon uitbou op die fondamente wat deur hom gelê is. Wallmannsthal sou vir die volgende sewentig jaar 'n uitstralingspunt van Blanke sendingaktiwiteit in die omgewing van Pretoria word.*

*Hieronder volg uittreksels uit die beroemde Dr. Wangemann, direkteur van die Berlynse Sendinggenootskap, se werkie* **„Ein Zweites Reisejahr in Suedafrika" (1884).**

*„Maandag, 10 November (1884).* Na ongeveer 'n uur se reis het ons die Magaliesberge deurgegaan by Derdepoort. Die paaie en driwwe was as gevolg van die swaar reëns byna onbegaanbaar. Ons perde het gou tekens van uitgeputheid begin toon. Desnieteenstaande het ons na 'n reis wat drie uur geduur het, die laaste vier myl afgelê en is vriendelik te Wallmannsthal deur die susters Kuehl ontvang.

Die woonhuis en kerk is op 'n heuwel gebou en troon hoog uit bo die Moretelerivier (Pienaarsrivier) wat daaronder verby vloei. Die hoë ligging van die kerk en huis wat deur eerw. Knothe gebou is, maak dit besonder gesond om daar te woon.

Skaars is ons in die verte herken, of 'n geweerskoot het die teken gegee. By die huis aangekom, het ons eers verversings geniet waarna ons na die skool toe is waar 'n skaar van kinders ons ingewag het. Sommige van hierdie kinders was netjies geklee terwyl ander alleenlik

’n hemp aangehad het. Die skoolkinders, begelei deur hul onderwyser Moses, het my eers ’n Engelse lied van verwelkoming toegesing. Daarna het hulle die lied „Vir my is daar Genade”, aangehef. Die pragtige stemme het my beïndruk.

Daarna het die volwassenes, wat in gelid aangemarsjeer gekom het, met hul gewere oor die skouer, al marsjerende gesing: *„Loof die Here, die magtige Koning van die Aarde”*. Toe almal by die kerk aangekom het, het ek en die skare die mooi ruim kerk binnegegaan. ’n Dankdiens vir my veilige aankoms is gehou. Ongelukkig het die gemeente alleen Sotho verstaan terwyl ek alleen Duits kon praat. Broeder Kuehl het hom egter flink van sy tolkwerk gekwyt.

*Dinsdag, 11 November*. Het voor sonsopkoms opgestaan en ’n skets van die sendingstasie gemaak. Om negeuur het ek skoolinspeksie gedoen. Ook hier word alleenlik Sotho gepraat. Weereens moes alles wat ek gesê het, getolk word. Die kinders ten spyte van die ongemaklike bankies waarop hulle moes sit, was baie opmerksaam en leergierig. Die onderrig van die Bybelgeskiedenis en aardrykskunde was bevredigend. Hul lees- en skryfwerk was minder bevredigend. Dit is vergeefbaar aangesien die meeste kinders nie eers die eenvoudigste skryfboekies kon bekostig nie.

Die ou Ndebele hoofman, Selape, wat reeds gister kom groet het, het vandag weer in die kerk verskyn. Hy en sy volgelinge woon op ’n heuwel teenoor die sendingstasie. Hulle sien elke dag die kerk, maar besoek die kerk egter nooit nie. Toe ek hom daarop attent maak, het hy geantwoord met ’n vername klein ‚hoofmanslaggie’: ‚My hart is soos ’n klip. Vir my is hierdie dinge nie.’ Aangesien bygeloof en slegte gewoontes nog hoogty vier onder hierdie kragtige dog rou Ndebele, hulle hul hutbelastings byna nie betaal nie, en hulle vir die afgelope tien jaar nie alleen Gods Woord verag het nie, maar ook ander Sotho wat meer toeganklik was vir Gods Woord, afgeskrik het, het ek Broeder Kuehl opdrag gegee om Selape en al diegene van sy volgelinge wat nie kerktoe gaan nie, van die stasie af te verban.

Die kerkdiens is daardie dag deur my gelei. Br. Keuhl het weer as tolk opgetree. My preek was na aanleiding van Johannes 3 verse dertien tot agtien. Weereens is ek aangegryp deur die pragtige sang van die gemeente.

Dié middag het Br. Nauhaus na Pretoria vertrek. Daarvandaan sou hy na Bothsabelo afreis. Ek en Knothe sou direk vanaf die stasie na die Noorde reis. Teen die aand het ons ons perde opgesaal en vir tien minute in ’n noordelike rigting gery. Op pad het ons ’n bejaarde inwoner van die stasie teë gekom van wie ek ’n groot skets gemaak het. Dié aand het ons tot half-elf oor vertroulike sake gesels. Die arme Br. Kuehl se een oog is heeltemal verblind terwyl die ander oog ook aangetas is. Hierdie lyding aanvaar hy met absolute Godsvrugtige onderworpenheid.

*Woensdag, 12 November.* In die vroeë oggend het ek vir die laaste keer op die koel veranda gestaan. Die huis is op 'n klipperige randjie gebou. Vier-honderd treë verder vloei die Moretele (Pienaarsrivier) rustig verby. Die kliprandjie is oortrek met doringbome wat 'n skoonheid eie aan hulself besit. Die hoë soetdoring met hul plat kruine, die sewentig-voet hoë rubberbome, die veertigvoet hoë treurwilgers en die bloeiende granaat- en Oleanderbome op die voorgrond het 'n onvernietigbare indruk op my gemaak. Vér teen die agtergrond langs die randjie van 'n heuwel, het die hutte van Selape se volgelinge dynserig vertoon.

Net voor ons vertrek het, het die inwoners van die sendingstasie hul aangemeld om te kom groet en my hand te druk. Broeder Kuehl het ons tot by die buitestasie ,Lewekraal' (Neuhalle) wat deur Merensky aangelê is, vergesel. As gevolg van die swaar reëns was die pad moeilik en toe ons by die krale van Jan (Johannes) Kekana te ,Lewekraal' aankom, was ons perde uiters vermoeid. Aangesien Jan Kekana se stat aan die anderkant van die spruit geleë was, het ek hom laat weet om deur te kom aangesien my osse nie by magte was om die swaarbelaaide wa deur te trek nie. Hy het egter laat weet dat hy sy volgelinge bymekaar sou roep maar hy sou nie toelaat dat hulle deur die spruit na my toe kom nie. Hy meen dat ek hom verag aangesien ek die ander stasies besoek het en nou weier ek om na hom te kom. Hy beweer dat my optrede ongeoorloof is aangesien die Wesliaanse sendelinge en ook die Superintendent gereeld al die buitestasies besoek. Ek het hom egter weer laat weet om te kom, maar hy het geweier. Waarskynlik was hy weer dronk. Ek het toe maar van sy volgelinge wat aan die duskant van die spruit gewoon het, bymekaar gemaak en 'n Gesang laat sing. Na die gebed het ek opdrag gegee om in te span.

Ons pad het deur 'n doringbos gegaan waarvan die bodem oortrek is met pragtige gras en varings. Ongelukkig word die gras jaarliks afgebrand met die gevolg dat baie van die bome beskadig is. Sommige van die boomstamme was tot vyf-en-twintig voet hoog.

*Woensdag, 25 Maart. Die terugreis vanaf Noord-Transvaal.*

Ons wou graag vandag nog Pretoria bereik en het gevolglik 5 vm. alreeds met die reis begin. Eenuur het ons by Wallmannsthal aangekom. Op pad het die berouvolle Jan Kekana my by die spruit ingewag. Dit het nou geblyk dat hy kort nadat ek vertrek het, besef het dat sy optrede teenoor my verkeerd was en het ook reeds Br. Kuehl om vergifnis gesmeek. Sy houding was nou baie deemoedig. Hy beweer dat hy innig spyt is dat hy my by die vorige geleentheid nie kon sien nie. Ek het ook my spyt daaroor uitgespreek. Ek het hom verder meegedeel dat ek nou egter verheug voel oor die feit dat hy my tog ontmoet het en dat ek hom sy vorige houding vergeef het. Toe ek boonop nog aan hom as bewys van my toegeneentheid en vergewensgesindheid, 'n foto van my oorhandig het, het hy baie gelukkig gevoel."

(*Slot*).